Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 14 JUNIE 2026

### Eredienste

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Genesis 21: 1-21 (2020 vertaling)
**Tema:** ‘n Hulpkreet kry antwoord.

### JEUG

Geen langnaweek

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Gemeente Ondersteuning (GOUF) – Kollekte 1**

### DIE KOMENDE WEEK...

**<u>Woensdag 17 Junie 2026</u>**
**09:00** Bybelstudie ds Leon – Kleinkerk
**18:00** Manne groep – Lokaal 2

**<u>Donderdag 18 Junie 2026</u>**
**09:00** Bybelstudie ds Gerhard - Kleinkerk
**14:00** Naaldwerk – Lokaal 1 & 2

### SONDAG 21 JUNIE

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

### JEUG

**09:00 – Kleuterkerk – Lokaal 2**
**09:00 – Kinderkerk – Kleinkerk**
**10:00 – JOG – Kleinkerk**
**10:00 – TvC – Kerkgebou**
**10:00 – Belydenisklas – Lokaal 1**

## Lief en Leed

Mary Gerber, Thalia, sterk tuis aan na hospitalisasie.
Hendry Moyles, San Tropez, is geopereer.
Harold Dettmer, Du Plessisweg, sterk aan na 'n skoueroperasie.
Susan Kotzé, voorheen van Caritas, is oorlede. Die roudiens vind plaas, Dinsdag 10:00.
Kobus Esterhuyse, Sangiro, is oorlede. Meegevoel aan sy vrou Susan en hul kinders.

**Voorbidding vir gesondheid:**
Marie van Zyl, Striata
Christo Schoeman, Sahara

## KERKKANTOOR URE

Die kantoor sal Maandag 15 Junie gesluit wees a.g.v. skolevakansiedag en vakansiedag 16 Junie.

## SLEUTELS TOEGANG TOT DIE GEDENKTUIN

Met die aankoop van 'n nissie in die gedenktuin het u 'n sleutel ontvang wat u nou ook toegang tot die terrein gee. Die slot is egter vervang dus moet u asseblief die sleutel by die kerkkantoor omruil vir 'n nuwe sleutel.

**Na ure kontak Anton (082 756 1619)**

# Dankofferbydraes

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**

Hierdie stelsel maak dit vir lidmate baie gerieflik om hul dankoffer te gee en daarom moedig ons lidmate aan om hiervan gebruik te maak. U gee opdrag aan die kerkkantoor om maandeliks 'n bedrag vanaf u bankrekening na dié van die kerk oor te plaas. U het nog volle beheer hieroor as u voor die 25$^{ste}$ van die maand opdrag gee om die bedrag te verhoog, te verminder of selfs te kanselleer. Vorms hiervoor is by die kerkkantoor beskikbaar of stuur vir ons 'n epos na ngklhp.finan@mweb.co.za en ons stuur vir u die vorm.

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**

U kan u dankoffer in 'n koevert plaas, gemerk "Dankoffer" en in die kollektesak gooi. (Koeverte by kerkkantoor of deure beskikbaar)
Moontlik plaas u, u dankoffer Sondae in die kollektesakkie, wil u dit nie eerder in die gemerkte koevert (Dankoffer) plaas nie?

**4. Inbetalings by kerkkantoor**

U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is "Dankoffer".

**5. Snapscan**

SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

**Vir u gerief is kodes in die banke aangebring. U kan ook u kollekte d.m.v SnapScan betaal.**

Snap here to pay
SnapScan